72/70

G.P.-S. S. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appèl DIVISION). AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

ALPHEUS RAMABULANA and 10 Others

**Appellant.**

*versus/teen*

DIE STAAT

**Respondent.**

*Appellant's Attorney / Prokureur van Appellant* [illegible]
*Respondent's Attorney / Prokureur van Respondent* A.G. Pretoria

*Appellant's Advocate / Advokaat van Appellant*
*Respondent's Advocate / Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on / Op die rol geplaas vir verhoor op* 6-11-70

3.7.11

(TPD)

27.5.71. Jansen A.R. appèlle word afgewys.

[signature]

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| ALPHEUS RAMABULANA | Beskuldigde No. 1 |
| WILLIAM ROMAN | Beskuldigde No. 2 |
| FRANS MUDJEDZI | Beskuldigde No. 3 |
| ELIAS MATHADA | Beskuldigde No. 9 |
| KHAKHU MPEPHU | Beskuldigde No. 10 |
| JOSEPH DITTIO | Beskuldigde No. 11 |

............................ APPELLANTE

EN

DIE STAAT ................................. RESPONDENT

Coram: Jansen, A.R., De Villiers *et* Muller, Wnd. A.RR.

Verhoordatum: 6 November, 1970

Leweringsdatum: 27 Mei, 1971

---

UITSPRAAK

JANSEN, A.R. :-

Ongeveer 1 nm. op Saterdag 11 Oktober 1969 het Speurdersersant Mahlape, as gevolg van n berig wat hy op Louis Trichardt ontvang het, gegaan na die stat van Kaptein Patrick Mpephu in die distrik Soutpansberg. Hy het ongeveer

2 nm. ...... /2

2 nm. daar aangekom. Aldaar, in die omgewing van die sg. hofsaal, het hy die lyk van ene Samson Mafune gevind. Die kop was verpletter en op en om die lyk het sestien groot klippe gelê, waarvan 14 skynbaar bloedbevlek was; by die lyk was daar ook 3 lang stokke, ongeveer 1½ duim in deursnit, een waarvan ook skynbaar bloedbevlek was. Later sou blyk dat die oorledene bowendien sewe steekwonde in die rug, een in die buik, een in die regterheup en een in die regterdy opgedoen het, en die oorsaak van sy dood bepaal word as "n vergruisde skedel en menigvuldige steekwonde in die liggaam". By sy aankoms het Mahlape niemand by die lyk aangetref nie, maar kort daarna het 'n klomp mense aangekom, al singende "neem daardie hond weg en gaan weg met hom". Hy het o.a. met die tweede appellant (William Roman) gepraat ('n gesprek waarna later weer verwys sal word) en dié wou hom nie sy naam verstrek of 'n verklaring gee nie. Vervolgens het Mahlape die lyk, die klippe en die stokke met die vangwa verwyder.

Later is die ses appellante en vyf andere in

die ....... /3

die Transvaalse Provinsiale Afdeling op 'n aanklag van moord op Samson Mafune summier verhoor deur Regter F.S. Steyn en twee assessore. Van die elf beskuldigdes is twee ontslaan aan die einde van die Staat se saak, drie onskuldig bevind en die ses appellante skuldig aan moord met versagtende omstandighede. Dit is wenslik om na lg. te verwys soos by die verhoor gedoen is, nl. as Beskuldigdes 1,2,3,9,10 en 11 onderskeidelik. Hulle is elk (in hierdie volgorde) tot 15,10,6,6,5 en 8 jaar gevangenisstraf onderskeidelik gevonnis. Verlof om beide teen skuldigbevinding en straf te appelleer is deur die Verhoorhof aan al die Beskuldigdes verleen, uitgesonderd Beskuldigde 11 aan wie slegs verlof om teen sy straf te appelleer, verleen is. By verhoor van hierdie appèl het Beskuldigde 11 egter aansoek gedoen om ook toegelaat te word om teen sy skuldigbevinding te appelleer. Aangesien die verlening van hierdie verlof ten nouste met die beskuldigde se vooruitsigte op appèl verbind is, is hy toegelaat om betoog oor die meriete te lewer en is die beslissing van sy aansoek voorbehou.

Ondanks alle teensprake in die getuienis

is ........ /4

is die gebeure wat op die oorledene se moord uitgeloop het, in breë trekke duidelik. Op 1 Oktober 1969 is Makwarella Mmophe Mpephu by haar woning deur die weerlig doodgeslaan. Sy, ŉ suster van Kaptein Patrick Mpephu, was die geliefde hoof van die Sendedza-wyk (ondergeskik aan die Kaptein). By die inwoners van hierdie gebied het die oortuiging posgevat dat hierdie ramp die werk was van ŉ towenaar en daar is besluit om die identiteit van die skuldige te bepaal. Vir hierdie doel is geld ingesamel en ŉ afvaardiging van ongeveer 30 mense gestuur om toordokters te gaan raadpleeg. Die persoon wat die naaste aan Makwarella gestaan het, wat stamverpligtinge betref, was Beskuldigde 1, die sekretaris van daardie wyk, en hy het die voortou met die reëlings geneem. Hy het bv. op Saterdag 4 Oktober die Kaptein gaan versoek om die gebruik van ŉ voertuig, wat toegestaan is. Beskuldigde 2 het hom vergesel, maar was nie aanwesig toe met die Kaptein gepraat is nie. Dieselfde dag het die afvaardiging gery na die Shikundu-gebied. Onder hulle was Beskuldigdes 1,2 en 3 en ook die oorledene. Twee of drie toordokters is toe

aldaar geraadpleeg. Dolosse is gegooi en minstens een van die toordokters het ꞥ beskrywing gegee van die woonplek van die persoon skuldig aan die dood van Makwarella. Dit was kenbaar dié van die oorledene. Lg. het [redacted] skuld ontken en geëis dat ander toordokters geraadpleeg [redacted] word. Hoe dit ook al sy, die afvaardiging het teruggekeer die Sondag of die Maandag. Vanweë vierings op Sibasa, [redacted] is niks verder in die saak gedoen voor die daaropvolgende Saterdag (11 Oktober) nie. ꞥ Vergadering van die inwoners van die Sendedza-wyk is toe gehou en lede van die afvaardiging het verslag gedoen oor wat by die toordokters geskied het. Onder diegene wat gepraat het was Beskuldigdes 1,2 en 3. Die oorledene het skuld ontken, geëis dat ander toordokters geraadpleeg moet word en uiteindelik geverg dat ꞥ vergadering by die Kaptein gehou [redacted] word. As gevolg hiervan is die meerendeel van die aanwesiges (insluitende die oorledene) toe na die Kaptein se stat. Hy was nie daar nie en heel onreëlmatig is toe tog in sy afwesigheid met ꞥ vergadering voortgegaan onder ꞥ groep bome in ꞥ oop terrein binne [redacted] die Kaptein se stat.

Daar was toe, benewens mense van Sendedza, ook mense van die Kaptein se [redacted] stat aanwesig. 'n Skatting deur een van die getuies (Charlie Neuhangoni) van die aantal aanwesiges as "meer as 200 - dit kan 300 wees" is nooit betwis nie. Weereens was Beskuldigdes 1, 2 en 3 onder diegene wat die skare toegespreek het. Op 'n gegewe oomblik het een of meer van die aanwesiges op die oorledene toegesak, en hy is [redacted] met 'n mes of messe gesteek. Hy het geval maar het weer opgestaan en begin hardloop in die rigting van die hoofpad wat daar naby verbyloop. Hy is deur sommige van die skare agtervolg en het ongeveer 87 treë gevorder voordat hy weer geval het op die plek waar Speurdersersant Mahlape later sy lyk sou vind. Aldaar is hy o.a. met klippe gegooi, een of meer waarvan sy kop moes verpletter het.

Die Staat het sewe ooggetuies van die gebeure geroep. Vyf hiervan was van die Sendedza-gebied, nl. die oorledene se twee broers, David en William, sy twee vrouens, Esta en Tshinakau, en ene Piet Hlengane; die orige twee getuies was van die Kaptein se stat, nl. Charlie Neuhangoni en Masindi Ramabulana, suster van Kaptein Patrick Mpephu. Aldus was

Masindi ....... /7

Masindi verwant aan Makwarella, maar die oorledene was ook haar oom. Die Verhoorhof het bevind dat hierdie getuies, met uitsondering van Piet Hlengane, "aanvaar moet word as eerlike getuies wat hulle eie herinnerings van die betrokke voorval aan die Hof eerlik probeer weergee het". Hierteenoor het mnr. Stafford (namens Beskuldigdes 1,2,3,4,9 en 10) en mnr. Brown (namens beskuldigde 11) in hul deeglike betoë gewys op talle voorbeelde in die getuienis van beweerde onderlinge weersprekings, afwykings van vorige verklarings, en [redacted]nkonsekwenthede. Dit doen egter nie afbreuk aan die Verhoorhof se indruk nie. Soos die volgende passasie uit die uitspraak [redacted] toon, was die Hof terdeë bewus van dié gebreke en die gevare wat daarin skuil:-

> "Om die geloofwaardigheid van die getuies te toets het ons die aanvaarde toetse toegepas, naamlik, die verenigbaarheid van die getuies met voorafgaande verklarings wat in sommige gevalle tot ons beskikking was, die steekhoudenheid van die getuie by sy eie verklarings in hoofgetuienis en kruisverhoor, die verenigbaarheid of teenstrydigheid van getuienis van verskillende persone oor dieselfde feite, die verenigbaarheid of teenstrydigheid van getuienis met onweerspreekbaar omringende feite of onweerspreekbare objektiewe getuienis, en ons het ons ook laat lei deur die voorkoms, die lewering en reaksies van die getuies in die getuiebank. Ons het egter ook in ag geneem dat die

kern van getuienis gegaan het oor 'n snelverlopende dramatiese gebeurtenis waaraan vele akteurs deelgeneem het en wat versprei was oor 'n aansienlike ruimte, en waar die drama later ook in beweging gekom het oor 'n nog groter gebied. Die Hof het ook in ag geneem dat verskillende getuies verskillende uitsigpunte gehad het en dat die verskillende getuies ook verskillende konsentrasiepunte van belangstelling gehad het. Die Hof het ook in ag geneem dat die getuies minder ontwikkelde mense is uit 'n kultuurwêreld waar bygeloof nog werklikheid is en dat die atmosfeer van hierdie Hof vreemd en onstellend moes gewees het as omraming vir hulle, om hulle waarnemings te kom weergee.

Die Hof het hom afgevra aangaande die essensieel ooreenstemmende Staatsgetuienis, wat hoofsaaklik aanvullend maar soms verskillend tot mekaar staan, of dit verwerp moet word as onware verdigsel, of aan die anderkant daardie Staatsgetuienis aanvaar moet word as 'n eerlike relaas van wat elkeen van die getuies hom of haar nou inbeeld as sy of haar eie herinnering. Die Hof het bevind dat die Staatsgetuies Dawid Mafuna, William Mafuna, Charlie Nevhangani, Esta Mafuna, Tshinakau Mafuna en Masindi Ramabulana aanvaar moet word as eerlike getuies wat hulle eie herinnerings van die betrokke voorval aan die Hof eerlik probeer weergee het. Waar die Hof die eerlikheid en hoofsaaklike akkuraatheid van die getuies aanvaar het, het die Hof hom kritles gewaarsku teen die gevaar van eerlike misverstand en die inbeelding van hoorsê as eie ervaring, aangesien die Hof aanvaar dat die drama van 11 Oktober verlede jaar toe Samson Mafuna by die hoofstat van grootkaptein Mpephu deur 'n skare vermoor is, ongetwyfeld honderd maal bespreek is by die nagvure van Vendaland in die afgelope maande."

Gesien ........ /9

Gesien die wel oorwoë en versigtige benadering van die Verhoorhof, is daar nie die minste rede om die juistheid van die Hof se beoordeling van die getuies as in die algemeen eerlike getuies, wat hulle eie herinnerings van die betrokke voorval aan die Hof eerlik probeer weergee het, te betwyfel nie.

Afgesien van die ooggetuies het die Staat ook op sekere beweerde verklarings aan die polisie staatgemaak, nl. dié deur Beskuldigdes 1,2 en 3 aan Bantoespeurder-sersant Mahlape en dié deur Beskuldigde 11 aan Speurdersersant Nortje, asook die inhoud van die gesprek (waarna reeds verwys is) tussen Mahlape en Beskuldigde 2 kort nadat Mahlape die oorledene se lyk gevind het. Die beweerde verklaring deur Beskuldigde 11 is nie betwis nie, maar in sekere opsigte het die getuienis van Beskuldigdes 1 en 2 met dié van Mahlape gebots. Hier het die Hof voorkeur aan lg. se getuienis geheg. Veral t.o.v. die gesprek met Beskuldigde 2, het die Hof Mahlape se getuienis "as objektief en onbetwisbaar waar" bestempel. Daar bestaan geen goeie rede om tot die konklusie te kom dat die Hof hier fouteer het nie.

Wat die Verhoorhof se algemene benadering tot die getuienis betref, moet egter op die volgende passasie in die uitspraak gewys word:-

> "Ons aanvaar as agtergrond van die gebeurtenisse Dr. van Warmelo se onweerspreekte getuienis dat, volgens die Venda se gewoontereg en gebruik, 'n persoon wat aangewys word as towenaar en verantwoordelik vir die dood van 'n prominente persoon van die Stam, gestraf sou word deur die dood: In die ou tye deur openlik ter doodstelling, vandag waarskynlik deur die heimlike en indirekte ter doodstelling. Die klein brokkies getuienis deur die hoofman Mpephu en Tshinakau oor die gebruik van die Vendas in gevalle van toordery is te gering en betekenisloos om Dr. van Warmelo se deskundige getuienis te weerspreek oor hierdie aspek."

Dr. van Warmelo se bevoegdheid om oor Vendagewoontes te getuig, blyk oorweldigend uit die notule. Dit word egter namens die Beskuldigdes aangevoer dat dit "voorkom of wat die Hof a quo bedoel het as 'agtergrond van die gebeurtenisse' is dat toe die vergadering vanaf die klein Kgoro [redacted] na die Kaptein se stat verdaag het, die leiers geweet het dat die Oorledene in elk geval met die dood gestraf moes word, en met dié wete het hulle die afwesigheid van die Kaptein en die teenwoordigheid van die skare uitgebuit en gebruik om die

Oorledene dood te maak". Dit sou dan, volgens die betoog, op ŉ mistasting neerkom. ŉ Ontleding van die uitspraak toon egter duidelik dat nie van sodanige algemene standpunt uitgegaan is nie. Die geval van iedere Beskuldigde is afsonderlik nagegaan ten aansien van sy eie optrede en opset by die tweede vergadering. Afgesien van enige mening deur Dr. van Warmelo uitgespreek oor die waarskynlike gevolge van uitwysing as towenaar hedendaags, was daar buitendien meer as voldoende getuienis waarvan die Verhoorhof sy eie gevolgtrekkings kon maak. Dit is heel duidelik dat die geloof aan die toorkuns by die Venda nog algemeen is. Nie een van die getuies of Beskuldigdes het dit ontken nie. Trouens, dié wat daaroor ondervra is, het duidelik laat blyk dat hulle self glo dat ŉ towenaar iemand met weerlig kan dood. Die raadpleging van toordokters en die terugrapporteer van wat gebeur het, het in die onderhawige geval klaarblyklik geskied met die uiteindelike doel om teen die towenaar op te tree. Dat niemand wou erken dat die doodstraf gepas sou wees nie, kan nie te swaar weeg nie. Minstens kan aanvaar word dat, gesien die bygelowige vrees van die mense, menige van die aanwesiges by die vergaderings sou kon glo dat

die dood van die towenaar die enigste effektiewe middel sou wees om die gemeenskap van 'n gevaar te bevry.

Aangesien die Verhoorhof hom toegespits het op wat by die tweede vergadering plaasgevind het, is dit wenslik om 'n oorsig te gee van die staatsgetuienis oor die gebeure aldaar. Wat in breë trekke gemeensaak is, is reeds hierbo by wyse van inleiding uiteengesit. As dit egter kom by die besonderhede, dan is daar (soos reeds in die vooruitsig gestel is) heelwat onderlinge verskille tussen die staatsgetuies.

Piet Hlengane, voer die saak nie verder nie en tereg is hy skynbaar deur die Verhoorhof buite rekening gelaat, altans wat hierdie belangrike deel van die gebeure betref. Volgens hom het hy nie juis gehoor of gesien wat aangegaan het nie, alhoewel hy aanwesig was. Sy gebrekkige waarneming skryf hy toe aan die rumoer en die beweging van die mense aldaar. Die notule wek die indruk dat hy nie wou praat nie.

Die verloop van die gebeure by die tweede vergadering kan in vier fases verdeel word: die toespreek van die aanwesiges; die aanval van die oorledene; die agter-

volging ....... /13

volging toe die oorledene 87 treë gehardloop het en geval het; die voortsetting van die aanval nadat hy geval het. Nie al die getuies het die geleentheid gehad om elkeen van hierdie fases ten volle waar te neem nie. Aanvanklik het die groot skare mense in 'n kring onder die bome vergader. Waarskynlik het hulle eers gesit, maar later, seer sekerlik toe die aanval begin het, het hulle opgestaan. Veel sou afhang waar elke getuie hom toe bevind het. Dit sou egter onmoontlik wees om op die getuienis dit met enige presiesheid te bepaal. Trouens, dit sou onredelik wees om van die getuies te verwag om presies te kan beduie waar hulle was. Nogtans op hulle eie getuienis kry 'n mens die volgende algemene indruk: William was aanvanklik ongeveer drie treë weg vanwaar die oorledene die eerste maal aangerand is; David was vier of vyf treë van hom af en David, op sy beurt, was ook omtrent vier treë van die oorledene, terwyl Tshiakau vyf of ses treë weg was; Charlie vermeld dat hy tussen die mense was, sowat ongeveer 12 voet vanwaar die stekery die eerste keer geskied het; Masindi sê sy het ook in die groep gestaan wat die kring gevorm het maar sy was nie binne die kring nie, maar onder

kruisverhoor ....... /14

kruisverhoor sê sy dat sy omtrent 'n tree was vanwaar Beskuldigdes 1,2,3,6 en die oorledene gepraat het.

Dit sou redelik wees om te aanvaar dat tydens die toesprake die getuies hierdie posisies behou het, maar dit sou geen betroubare basis vorm vir beoordeling van wat hulle moes gesien het of nie kon gesien het nie. Onmiddellik na die aanval op die oorledene begin het, moes daar dadelik beroering gewees het. Beweging van diegene wat die oorledene aangeval het, die opstaan van mense as hulle nog nie reeds gestaan het nie - dit alles sou daartoe strek om die uitsig van die getuies te affekteer. Dit is moeilik denkbaar dat enige van die getuies die hele gebeure, selfs tydens die eerste stadium, van begin tot end kon gesien het. Ook wat die toesprake betref, is dit ondenkbaar dat elke getuie alles gehoor het of sou kon onthou het wat hy gehoor het.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat blote onderlinge afwykings tussen die getuies nie van deurslaggewende belang kan wees nie en dat die feit dat die een sou gesien of gehoor wat die ander nie gesien of gehoor het nie, nie sonder meer as voorbeelde van teenstrydighede aangemerk kan

word ........../

word nie.

In die lig van die voorgaande kan die strekking van die Staat se saak, op grond van die getuienis van die ooggetuies, kortliks as volg gestel word:-

(a) Beskuldigdes 1,2 en 3 het in hul toespreke meer gedoen as 'n verslag te gee van die besoek aan die toordokters.
Volgens verskeie getuies was die strekking van Beskuldigde 1 se toespraak dat dit beter sou wees as hy doodgaan (of homself doodmaak) as dat die toehoorders nie na hom luister nie, d.w.s. (indien nie uitdruklik nie dan wel by implikasie) om die oorledene dood te maak (vgl. David, William, Charlie, Tshinakau, Masindi) en hy het gehuil (David, William, Charlie).

Volgens David, William, Esta en Tshinakau se getuienis het Beskuldigde 2 te kenne gegee dat hy nie bang was vir die oorledene nie, al was hy 'n towenaar: die oorledene is nie 'n "leeu" nie; hy is nie bang vir die oorledene "se weerlig" nie.

David het in sy hoofgetuienis die volgende woorde aan Beskuldigde 3 toegeskryf: "as julle nie wil dat ons vir Samson doodmaak nie, dan gaan ek weg". Volgens William het hy o.a. gesê: "Hy (die oorledene) moet vir Makwarella volg":

(b) Volgens David, William, Esta, Tshinakau en Charlie het Beskuldigde 1 die oorledene met 'n mes gesteek toe die aanval begin het. Masindi het bloed op die oorledene se rug gesien en kort daarna 'n bloedbevlekte mes in Beskuldigde 1 se hand. Volgens Esta, Tshinakau en Masindi het hy ook 'n groot klip op die oorledene se kop gegooi nadat hy finaal geval het.

(c) ........../

(c) Volgens sommige van die getuies het Beskuldigde 2 ook aan die aanval deelgeneem: hy het die oorledene aan die bene gegryp en laat val (David); hy het die oorledene gesteek (William); hy het die oorledene gevang en hom "geskud" (Esta).

(d) Volgens William, David en Masindi het Beskuldigde 9 die tweede vergadering bygewoon. William sê dat hy die Beskuldigde met 'n stok sien slaan het - dit moes gewees het voordat oorledene finaal geval het; Masindi sê dat die Beskuldigde die oorledene met 'n stok geslaan het net nadat hy finaal geval het.

(e) Volgens William het Beskuldigde 10 'n klip in die rigting van die oorledene gegooi terwyl lg. besig was om te hardloop; volgens Masindi het Beskuldigde 10 'n klip op die oorledene se kop gegooi nadat Beskuldigde 9 die oorledene met die stok geslaan het toe hy geval het en voordat Beskuldigde 1 die groot klip op oorledene se kop gegooi het.

(f) Volgens William het Beskuldigde 11 die oorledene met 'n mes op die rug gesteek.

Die Verhoorhof het wesenlik (a) en (b) aanvaar. Wat (b) betref, is aanvaar dat Beskuldigde 1 die oorledene met 'n mes gesteek het - die Hof het hom nie uitgelaat oor die kwessie van die groot klip nie. In die lig van die uitspraak as geheel blyk dit egter nie dat hierdie deel van die Staat se saak verwerp is nie - trouens die hele strekking dui daarop dat dit wel aanvaar is en dat dit nie

uitdruklik ......./

uitdruklik behandel is nie vanweë die bondigheid wat die hele uitspraak kenmerk en die onnodigheid om op verdere handelige van Beskuldigde 1 in te gaan. Dit is wel duidelik dat die Hof nie bevind het dat Beskuldigde 2 [redacted] daadwerklik aan die aanval deelgeneem het nie, soos in (c) uiteengesit. Hier ook is die getuienis nie ontleed nie, maar klaarblyklik moes die Hof van mening gewees het dat die teensprake hier slegs spreek van die moontlikheid van foutiewe waarneming of identifikasie en dat derhalwe hierdie aspek onseker is. (e) en (f) het die Hof aanvaar.

Die voorgaande bevindings hou noodwendig in verwerping van die beskuldigdes se relase. Slegs Beskuldigdes 1,2,9 en 10 het getuienis afgelê ter weerlegging van die saak teen hulle. Beskuldigdes 1 en 2 het erken dat hulle op die tweede vergadering gepraat het, maar volgehou dat hulle slegs herhaal het wat hul op die eerste vergadering gesê het, nl. verslag gedoen het oor die sending na die toordokters. Alle ander aantygings het hulle ontken. Beskuldigde 9 het beweer dat hy nie na die tweede vergadering gegaan het nie, maar

agtergebly ..... /

agtergebly het toe die ander vertrek het vanaf waar die eerste vergadering gehou is. Beskuldigde 10 het getuig dat sy tydens die tweede vergadering in haar huis was (sy het in die Kaptein se stat gewoon) en nie eers geweet het dat dit aan die gang was nie.

Beskuldigdes 3 en 11 het volstaan met hul skriftelike verklarings aan Speurdersersant Mahlape en Speurdersersant Mortje onderskeidelik. Dié deel van Beskuldigde 3 se verklaring wat oor die tweede vergadering gaan, lui soos volg:-

> "Toe ek daar kom ek was gevra om die toordokters uitslag weer te herhaal. Ek het toe opgestaan en die kgoro gesê dat uitslag van toordokters is dat die oorledene Samson die towenaar is wat die weerlig veroorsaak het en wat verantwoordelik is vir die dood van die ban/vrou, die kaptein se suster wat as hoofman opgetree het. Ons het almal op voete gestaan en ek toe terugstap en die oorledene het toe begin praat en gesê dat hy is nie tevrede oor die beskuldiging en herhaal dat daar moet weer na die ander toordokter gegaan word. Terwyl ons daar staan het oorledene toe begin weghardloop en al die klomp het hom gejaag. Ek en ander ou mans het agter gevolg. Ek het gesien dat oorledene alreeds op die grond geval het. Hy was met klippe gegooi deur die hele klomp mense."

Beskuldigde 11 se hele verklaring is soos volg:-

"Ek ontken die aanklag. Ek was op Saterdag 11.10.69 van samekoms na Mpephu toe. By Mpephu lokasie het ek by die bus afgeklim. Mense was besig om te baklei. Iemand het my gesteek met 'n mes, maar ek kan nie sê wie omdat ek dronk was.

Ek het oorledene nie daardie dag gesien nie."

Die aanval op die skuldigbevindings, afgesien van kwessies reeds vroeër genoem, berus meerendeels op die kontensie dat die Verhoorhof die betroubaarheid van die ooggetuies oorskat het. Dit is ondoenlik om na al die beweerde teenstrydighede, afwykings ens. te verwys waarop 'n beroep gedoen is, maar dit beteken nie dat hulle nie in oorweging geneem is nie. Daar sal volstaan word met die noem van sekere hiervan op hierdie stadium en die vermelding van sommige andere by die behandeling van die geval van elke Beskuldigde afsonderlik.

Dit is duidelik dat Masindi se getuienis in die geheel 'n belangrike rol speel. Inderdaad het die Verhoorhof haar getuienis klaarblyklik in die geheel aanvaar: nie alleen is sy een van die getuies wat as "eerlik" beskou is nie, maar die bevindings van die Hof t.o.v. etlike van die

Beskuldigdes berus in geheel of gedeeltelik op haar getuienis. Sy is dus die skyf van 'n groot deel van die betoog namens die Beskuldigdes.

In die eerste plek word sy gekritiseer omdat sy nie sou gesien het wie aan die oorspronklike aanval op die oorledene deelgeneem het nie ondanks die feit dat sy volgens haar eie getuienis so naby die sprekers was, dat sy slegs, en dit later, bloed op die oorledene se rug gesien het en 'n bloedbevlekte mes in Beskuldigde 1 se hand. Maar dit is te verduidelik uit haar eie getuienis. Dit blyk duidelik dat hoe naby sy ook mag gestaan het, sy nie binne die kring was nie en dat daar mense tussen haar en die oorledene was op die kritieke oomblik. Ook verduidelik sy dat toe die aanval begin het sy geskrik en geretireer het en toe later die mes en bloed gesien het. Dit is glad nie onaanneemlik nie. Trouens, dit strek eerder tot haar krediet dat sy nie aan die versoeking toegegee het om op grond van 'n blote afleiding bv. 'n positiewe stelling te maak wat menige getuie wel sou gedoen het, nl. dat Beskuldigde 1 die oorledene met die mes gesteek het. Dit toon dat sy nie tot oordrywing geneë is nie.

In ........... /19(b)

In die tweede plek word sy gekritiseer op grond van beweerde teenstrydigheid met die getuienis van Esta. Masindi maak daarop aanspraak dat sy feitlik heel voor was met die agtervolging van die oorledene toe hy gehardloop het. Sy het nie direk agter hom gehardloop nie, maar skynbaar meer pa~~r~~rallel met hom. Beskuldigde 9 het probeer om die oorledene in te haal en voor te keer en sy het duidelik gesien dat hy die oorledene eerste bereik het toe hy geval het en dat hy die oorledene met 'n stok slaan, gevolg deur Beskuldigde 10 wat die klip op sy kop gegooi het en daarna Beskuldigde 1 wat die grootste klip op die oorledene se kop gegooi het. Op haar beurt vertel Esta weer dat sy ook min of meer pa~~r~~rallel met die oorledene gehardloop het (dit blyk aan die ander kant te wees - nie aan die kant wat Masindi gehardloop het nie). Sy het gesien dat Beskuldigde 1 die groot klip op oorledene se kop gooi maar nie die beweerde handelinge van Beskuldigdes 1 en 10 nie. Hier, so word namens die Beskuldigdes aangevoer, is 'n direkte teenspraak tussen Esta en Masindi. Op noukeurige ontleding blyk dit egter nie noodwendig die geval te wees nie. Ondanks sekere toegewings onder kruisverhoor wat die kontensie namens die Beskuldig-

des steun, is die grondslag van haar hele relaas tog dat op die stadium toe die oorledene geval het, daar persone tussen haar (Esta) en die oorledene was. Dit dui daarop dat sy later daar gekom het as Masindi. Die twee skynbaar teenstrydige relase is versoenbaar op die basis dat omdat Esta 'n bietjie later op die toneel gekom het as Masindi, Masindi meer as sy gesien het.

In die derde plek word Masindi gekritiseer omdat sy onbewys is daarvan dat die oorledene met klippe gegooi en stokke geslaan is terwyl hy gehardloop het nog voor hy geval het, soos o.a. deur Esta en William beweer. Maar ook hier is daar geen noodwendige teenspraak nie. Dit kon gebeur het toe die oorledene aanvanklik hom van sy onmiddellike aanvaller losgeruk het, en nie later toe Beskuldigde 9 die andere uitgehardloop het nie. Masindi sê [redacted] haar aandag was toegespits op die oorledene en dit verwys klaarblyklik na die periode toe hy aan die wegkom was van sy agtervolgers.

In die vierdie plek word dit aangevoer dat Masindi nie, wat Beskuldigdes 9 en 10 betref, onbevooroordeeld was nie. Maar hierdie aantyging berus op bewerings van [redacted] hierdie Beskuldigdes self, wat hoegenaamd nie gestaaf is nie.

Op .......... /19(d)

Op hierdie stadium sou dit ook gepas wees om te noem dat William en David in sekere opsigte van hul polisieverklarings afgewyk het. Dit blyk uit mededelings wat die vervolger met prysenswaardige pligsgetrouheid aan die Verhoorhof gedoen het. T.o.v. William het hy gesê:-

> "U Edele, ek wil net aan u sekere afwykings stel, dat die getuie het nie in sy polisieverklaring gesê beskuldigde No. 2 het die oorledene gesteek nie. Hy het ook nie gesê dat No. 10 die oorledene met 'n klip gegooi het nie en hy het ook nie No. 9 genoem as een wat met 'n stok geslaan het nie."

Later het die vervolger ook daarop gewys dat William -

> "nie in sy polisieverklaring gesê het dat No. 5 die oorledene gegooi het met 'n klip terwyl hy gehardloop het nie. Ek beklemtoon die laaste woorde 'terwyl hy gehardloop het nie'."

Wat David betref het die vervolger genoem o.a. dat hierdie getuie nie in sy polisieverklaring gesê het nie dat Beskuldigde 2 vir die oorledene aan sy bene gegryp het nie. "Hy het iets heeltemal verskillends gesê ............ van die optrede van No. 2" Op hierdie afwykings sal later weer, indien nodig, teruggekom word. Daar kan net nou genoem word

dat die Verhoorhof klaarblyklik nie as gevolg hiervan die twee getuies as oneerlik beskou het nie. Dit sou moeilik wees om te bevind dat die Verhoorhof gevolglik fouteer het. Die kwessie van betroubaarheid is egter iets anders waarop later teruggekom sal word.

Alvorens tot die afsonderlike behandeling van elke geval oor te gaan, moet egter nog 'n algemene kwessie genoem word. Dit is nie geopper dat in die besondere omstandighede hier enige van die beskuldigdes nie 'n mededader sou wees nie as eers vasstaan dat hy of sy self daadwerklik, met die nodige opset vir moord, aan opruiing deelgeneem het of as gevolg daarvan 'n aanranding op die oorledene begaan het. Dit is aanvaar dat hier gesamentlike aanspreeklikheid is vir diegene wat aldus deelgeneem het. ........... /20

[redacted].

Die strekking van die getuienis (van die ooggetuies) teen Beskuldigde 1 is reeds uiteengesit, asook die aard van sy verweer. Die inhoud van sy eie getuienis, met beklemtoning van sekere aspekte, word nou kortliks weergegee. Volgens hom het hy en Beskuldigdes 2 en 3, asook een van die beskuldigdes wat vrygespreek is, die tweede vergadering toegespreek. Hy het self eerste gepraat en slegs herhaal wat hy by die eerste vergadering gesê het, ten einde diegene wat dit nie bygewoon het nie, in te lig oor wat by die toordokters plaasgevind het. So ook die ander sprekers. Die oorledene het beweer dat die vergadering "nie in orde is nie" en hy het begin vloek. Die mense het opgewonde geraak en opgestaan waar hulle gesit het:-

> "Daar by die vergadering het die mense in 'n kring gestaan. Ek het aan die kant gestaan en toe sien ek onmiddellik die mense begin hardloop in een direksie.
>
> En die oorledene? Het hy ook gehardloop? --- Op daardie stadium kon ek die oorledene nie sien nie, maar hulle het almal in een direksie beweeg."

Hy ......... /21

Hy het ook in daardie rigting beweeg. Hy het vir Beskuldigde 11 teengekom - dié het 'n klip in sy hand gehad en 'n wond aan sy kop. Hy het toe gaan reël dat lg. met 'n voertuig na die hospitaal geneem word. By sy terugkeer het hy die lyk van die oorledene vir die eerste keer gesien en ook 'n mes in besit van Beskuldigde 3. Lg. het beweer dat hy die mes by die lyk opgetel het. Hy het self nòg die skare opgesweep nòg die oorledene aangerand. Hy self het geen mes gehad nie.

Onder kruisverhoor het Beskuldigde 1 wel erken dat hy besef het dat die tweede vergadering nie sonder die Kaptein kon voortgaan nie, maar "die mense het daarop aangedring dat die vergadering gehou moet word". Toe hy gevra is hoe die aanval op die oorledene begin het, kom hy vir die eerste keer in sy getuienis met die volgende uit:-

> "Al wat ek gesien het vanwaar ek gestaan het, is dat Joseph (Beskuldigde 11) die oorledene met die vuis teen die nek slaan en toe is daar 'n gestorm na vorentoe ......... daarna het die oorledene gehardloop ....... en 'n klomp mense het hom agtervolg."

Later (na 'n verdaging oornag) het die Beskuldigde homself weerspreek en gesê dat die oorledene nie die beswaar gemaak het dat

die ......... /22

die vergadering nie in orde is nie - altans hy het dit nie gehoor nie. Hierop volg 'n besonder onoortuigende gedeelte van sy getuienis. Hy is gevra hoekom die mense so kwaad geword het dat hulle die oorledene wou doodmaak; in sy antwoord wou hy te kenne gee dat dit was omdat die oorledene "gevloek" het. Reeds vroeër het hy verduidelik dat dit. maar net daarop neergekom het dat die oorledene gesê het.; "Julle vergadering mense praat kak"! Daar volg dan die volgende vrae en antwoorde:-

> "Word 'n mens sommer doodgemaak as jy die vloekwoordjie gebruik, die lelike woordjie? --- Nee jy word nie doodgemaak nie.
>
> Hoekom het hulle dan die oorledene doodgemaak? --- Ek weet nie.
>
> Sy kop pap gegooi en geslaan. --- Dit het gebeur.
>
> Ek vra hoekom? --- Ek weet nie.
>
> ..................................................
>
> ..................................................
>
> Was Makwarella, die oorlede vrou, 'n baie geliefde persoon daar? --- Ja, sy was.
>
> Is ek reg as ek sê die mense sou kwaad word as hulle hoor dat Samson, die oorledene doodgemaak het deur die weerlig na haar te stuur? --- Ek kan nie antwoord nie. Ek weet nie wat ander mense se gevoelens was nie.
>
> Wat dink jy? --- Ek kan dit net nie antwoord nie. Ek weet nie wat ander mense sou dink nie.

Hoe .......... /23

Hoe het jý gevoel oor die ou sakie? --- Ek het my gevoelèns gehad. Ons het gereël dat ons na die toordokter toe sou gaan om te gaan uitvind.
Nou vra ek vir jou wat was jou gevoelens toe jy gehoor het dat hierdie man Samson het vir jou geliefde kapteine Makwarella doodgemaak? --- Ons het na die toordokter toe gegaan om uit te vind en dit was gereël met die kaptein dat die vergadering daar moet plaasvind en dat die kaptein sou natuurlik die uitspraak later daaroor gee.
Jy het nou nog nie my vraag beantwoord nie. Kan jy dit beantwoord? --- Wel, ek het dit mos geantwoord
Is dit jou antwoord? --- Ja, dit is my antwoord.
Wanneer het julle gereël met die kaptein dat die vergadering daar gehou sou word? --- Dit was nog nie persoonlik met hom gereël nie, want hy was nog nie teruggewees nie.
Maar jy het nou net gesê dit was gereël met die kaptein? --- Samson is die persoon wat voorgestel het dat ons na die kaptein toe moet gaan. Ons het nog nie die reëlings met die kaptein getref nie en ons het soontoe gegaan en die kaptein was nie teenwoordig nie.
Hoekom het jy dan gesê dit was gereël met die kaptein dat die vergadering daar gehou sou word? -- Ek het nie bedoel dat die kaptein sou geweet het nie, maar ons moet na die kaptein toe gaan, en dit was ook voorgestel deur die oorledene dat die vergadering daar gehou moet word.
As Samson inderdaad die dood van Makwarella veroorsaak het, dan was dit 'n baie ernstige oortreding, nie waar nie? --- Korrek.
En die erns van die oortreding was nog erger gemaak deur die feit dat sy 'n baie belangrike en 'n baie geliefde persoon was? --- Ja.
En jy het geweet dat die witman se wet nie vir Samson sou straf op grond van wat 'n toordokter gesê het nie, nie waar nie? --- Nee, ek weet nie.

.......................................................

.......................................................

> Ek stel dit aan jou as julle vir Samson gestraf wou hê dan sou julle hom self moes straf.
> --- Die kaptein moes die straf oplê, ja.
> Hoekom het julle dan nie vir die kaptein gewag nie? --- Dit was waar die groot fout begaan was."

Benewens die onoortuigende aspekte van Beskuldigde 1 se getuienis (soos bv. blyk uit die passasies hierbo aangehaal) het hy ook nog in 'n wesenlike opsig van sy verklaring aan Speurdersersant Mahlape afgewyk. In daardie verklaring het hy vertel dat by die tweede vergadering:-

> "... het oorledene begin raserig geword en kon nie die mense weer luister nie. Op daardie stadium het die mense op voete gestaan asook die oorledene. Ban/man Joseph (het agter oorl. gestaan) het oorledene met gebalde vuis by die nek een keer geslaan en toe daar het al die mense die oorledene begin aanval. Die oorledene het geprobeer hardloop en die hele klomp mense het hom gejaag, en hom met klip gegooi. Oorledene het nie ver gehardloop nie en het toe op die grond geval. Hulle het met klip geslaan terwyl hy daar lê en ek het gesien dat ban/man Joseph die oorledene met klippe ook gooi terwyl hy lê. Die oorledene het op daardie oomblik gesterf en hulle het hom toe gelos. Ek het toe gesien dat Joseph by die kop beseer is toe hy besig was om die lyk verder met klippe te gooi, en ek het hom gekeer. Joseph het my toe laat weet dat die oorledene hom met 'n mes gesteek het. Op daardie stadium het ek

'n mes by die grond, langs oorledene se lyk, sien lê, en Frans het die mes opgetel..."

Dit is opmerklik dat Beskuldigde 1 hier slegs sê dat die oorledene "raserig" geword het en nie noem dat hy "gevloek" het nie (soos hy in getuienis beweer); dat hy hier sê dat hy 'n mes op die grond, langs die oorledene gesien het en dat Beskuldigde 3 (Frans) dit opgetel het, terwyl hy in getuienis slegs sê dat Beskuldigde 3 aan hom vertel het dat hy 'n mes opgetel het; dat hy hier sê dat hy gesien het dat Beskuldigde 11 (Joseph) die oorledene met klippe gooi, terwyl hy in sy getuienis slegs vermeld dat Beskuldigde 11 'n klip in sy hand gehad het. Om van hierdie teensprake te verklaar het Beskuldigde 1 in kruisverhoor beweer dat die verklaring verkeerd neergeskryf is. Soos reeds vermeld, bestaan daar geen gegronde rede om die verwerping deur die Verhoorhof van hierdie verduideliking, en die Hof se voorkeur vir Mahlape se getuienis hieroor, te betwyfel nie.

Word die basiesooreenstemmende getuienis van etlike van die Staatsgetuienis nou opgeweeg, in die lig van die omringende omstandighede, teen die getuienis van Beskuldigde 1, met al die genoemde gebreke, sou dit moeilik wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die Verhoorhof fouteer het toe dit tot die volgende bevindings oor Beskuldigde 1 geraak het:-

"Die Staat se getuienis word dus aanvaar dat beskuldigde nr.1 die voortou geneem het om die vergadering in die grootkaptein se stat te hou, en toe te spreek, nieteenstaande dat hy geweet het dat die vergadering gehou word in stryd met

Vendagebruik, waarvolgens die grootkaptein aanwesig moes gewees het by die vergadering om 'n beslissing te vel. Die Staat se getuienis word aanvaar dat beskuldigde no.1 by duidelike insinuasie 'n beroep gedoen het op die skare om die oorledene te dood en dat die moord op die oorledene spesifiek beoog was deur die uitlatings gemaak deur no.1 of dat hy minstens met algehele onverskilligheid, die moontlikheid aanvaar het dat die oorledene deur die skare vermoor mag word ten gevolge van sy opruiende uitlatings. Verder word die getuienis "(aanvaar)" dat no.1 inderdaad die fisiese aanranding op die oorledene begin het deur hom met 'n mes te steek met die bedoeling om hom te dood of 'n aanval van die skare op die oorledene uit te lok waardeur hy gedood sal word."

(Dit is opvallend dat die Verhoorhof nie verwys na die beweerde insident toe Beskuldigde 1 'n groot klip op oorledene se kop gegooi het nadat hy geval het nie. Soos reeds vermeld, het Masindi, Esta en TShinakau hiervan getuig. Die stilswye van die Verhoorhof oor hierdie kwessie kan egter allermins gekonstrueer word as 'n openbaring van twyfel oor die betroubaarheid van hierdie getuienis. In 'n uitspraak wat in die algemeen deur bondigheid gekenmerk word, was dit onnodig om Beskuldigde 1 se verdere deelname te ontleed nadat hy die oorledene met 'n mes gesteek het met 'n opset om te dood, wat reeds uit sy beroep op die skare geblyk het. Trouens, daar is nie die minste rede om Masindi en Esta se getuienis in hierdie verband te verwerp nie. Selfs in

Beskuldigde 1 se eie verklaring aan Mahlape kan 'n mate van stawing gevind word - uit die verklaring blyk dat Beskuldigde 1 veel nader aan die oorledene was toe hy geval het as wat hy ooit in getuienis wou erken, dat hy selfs gesien het op watter "oomblik" die oorledene gesterf het. Die feit dat daar twyfel kan bestaan of Tshinakau dit wel gesien het vanweë die feit dat sy nie die oorledene gevolg het nie, en of sy haarself nie dit ingeprent het as gevolg van wat sy later gehoor het nie, kan nie afbreuk doen aan Masindi en Esta se getuienis in hierdie verband nie).

Die strekking van die saak teen Beskuldigde 2, soos dit uit die getuienis van die ooggetuies blyk, is reeds genoem: hy het die skare toegespreek en te kenne gegee dat hy nie vir die oorledene bang was nie, al was hy 'n towenaar (vgl. David, William, Esta en Tshinakau) en dat hy aan die aanval op die oorledene deelgeneem het (vgl. David, William en Esta). Daarby kom nog die getuienis van Bantoespeurder-sersant Mahlape oor die gesprek met Beskuldigde 2 op die terrein van die moord. Volgens Mahlape, toe hy by die toneel aangekom het en die groep singende mense nader gekom het, het Beskuldigde 2 voor geloop. Mahlape het hom gevra waar die Kaptein is en is meegedeel dat lg. nie tuis was nie. Beskuldigde 2 het egter gesê dat Mahlape met hom kon praat. Hulle is na 'n hut toe. Beskuldigde 2 het 'n vrou (Munjedzi) aangesê om 'n sekere mes te gaan haal. Sy het dit gedoen en aan Mahlape die mes oorhandig. Dit het gelyk soos 'n broodmes en dit was bevlek met wat gelyk het na vars bloed. Beskuldigde 2 het gesê dit is die mes waarmee die oorledene andere gesteek het, waarvan sommige reeds in die Siloam Hospitaal was. Toe Mahlape 'n verklaring van Munjedzi wou

neem, en ook van ene William Singo, het Beskuldigde 2 hom daarmee ingelaat: toe hulle iets "ten gunste van" die oorledene wou sê, het Beskuldigde 2 gesê hulle moenie leuens vertel nie. Hy was "kwaad en raserig"; hy wou nie sy naam verstrek of 'n verklaring maak nie en het weggeloop, nadat hy gesê het: "Vanaand gaan ons nog 'n groot ding maak... Ons gaan die statte van die oorledene aan die brand steek en die mense daar doodmaak". Die volgende dag het Beskuldigde 2 egter die volgende verklaring (wat nie betwis word nie) aan Mahlape gemaak:

> "Ek het die voorval gesien op die beweerde dag. Toe hierdie voorval plaasvind van bakleiery het ek nie daar nader gekom nie. Ek het ook nie die oorledene aangeraak nie. Daarna het ek net gesien die oorledene op die grond lê en was dood. Dit is al ek wil sê".

In sy hoofgetuienis het Beskuldigde 2 erken dat hy by die tweede vergadering gepraat het en gesê het: "Die grootmense het alreeds vergader, hoekom moet daar weer na 'n toordokter gegaan word?" Verder het hy te kenne gegee dat hy slegs herhaal het wat hy by die eerste vergadering gesê het. Hy het al die aantygings deur die ooggetuies ontken en ook wat Mahlape getuig het oor die gesprek tussen hulle (behalwe dat hy erken het dat hy nie toe sy naam wou vestrek nie of 'n verklaring wou maak nie). Hy het bevestig dat hy nie een van dié wat die oorledene aangeval het, kon uitwys nie. Met die oog op wat Beskuldigde 2 onder kruisverhoor gesê het, is dit ook nodig om na die volgende passasie in sy hoofgetuienis te verwys:-

"Ons het gehoor van No.1 dat hy ook op daardie vergadering gepraat het. Is dit korrek, of nie? --- Ja, dis korrek. En No.1 beweer dat No.3 ook gepraat het. Jy het gehoor wat hy hier gesê het? --- Ek het gehoor. Is dit korrek, of nie? --- Korrek. Het hulle dieselfde as jy gepraat of anders as wat jy gepraat het? --- Almal het dieselfde as die ander gesê, om te vertel wat by die toordokter gebeur het."

Onder kruisverhoor kom hy uit met die besonder onoortuigende stelling dat hy nie wou gehad het dat die oorledene gestraf moes word nie. Hy is toe gevra: "Maar wat het jy gedink sal 'n gepaste straf wees vir 'n persoon wat so 'n ernstige misdaad gepleeg het?" Sy antwoord was "Ek kan nie sê nie". Toe dit aan hom gestel is dat hulle nie reëlmatiglik die vergadering in die afwesigheid van die Kaptein kon hou nie, het hy eers te kenne gegee dat hy dink hulle kon, maar moes toe weer toegee dat dit wel onreëlmatig was. Hy gee toe aan die hand dat met die vergadering voortgegaan is omdat die oorledene dit wou gehad het. "Hy het gesê die vergadering moet gehou word, ons moet hoor wat gesê word". Beskuldigde 2 is toe gevra of die oorledene nie juis geprotesteer het nie. Sy antwoord was dat hy dit nie gehoor het nie. Die volgende passasie volg dan:-

"Wat het jy dan gehoor sê die oorledene? --- Al wat ek toe gehoor het, ek was nie tussen die mense in die vergadering nie, ek het nader gestaan en ek het toe net gehoor dat die oorledene sê: 'Ons moet hierdie saak uitpraat'".

Meer het hy nie gehoor nie, want hy het toe "teruggestap", 'n "hele ent" vanwaar die mense gesit het - "Ek het toe daar gaan staan en ek het nie weer nader gegaan nie". Kort hierna volg die ietwat verrassende onthulling dat hy nie Beskuldigde 1 hoor praat het nie - dat met die aankoms by die Kaptein se stat van die groep mense, wat hy vanaf Sendedza vergesel het, hy die groep verlaat het en die stat ingegaan het omdat hy "niks meer verder te sê gehad het nie" (by heronderVraging sou hy sê dat hy gaan bier drink het). Toe hy terugkeer na die vergadering het iemand reeds gepraat (vermoedelik Beskuldigde 1) en hy self het toe gepraat. Hoe dit presies inpas met sy nadergaan en terugstap, wat hom die geleentheid gegee het om net 'n gedeelte te hoor van wat die oorledene gesê het, is nie baie duidelik nie. Sy beweerde afwesigheid is ook teenstrydig met die indruk deur hom in sy hoofgetuienis gewek dat hy geweet het wat Beskuldigdes 1 en 3 gesê het.

Dat die Verhoorhof die indruk gekry het dat Beskuldigde 2 "sy grond verskuiwe om homself te probeer verontskuldig" is heel begryplik. In die lig hiervan, en die ander gebreke in sy getuienis (waaronder die onware ontkenning van Mahlape se getuienis), sou dit dus moeilik wees om te bevind dat die Verhoorhof fouteer het deur Beskuldigde 2 se getuienis te verwerp.

Op grond van die Staatsgetuienis het die Hof bevind dat hy "by ewe duidelike insinuasie die skare aangespoor het om die oorledene te dood en hom ten volle identifiseer het met die optrede van no.1 om die oorledene dan en daar te vermoor of laat vermoor ingevolge van sy aanhitsing". By die vonnisoplegging is hierdie bevinding nader toegelig: "ons sien beskuldigde no.2 se rol meer dat hy 'n persoonlike ondersteuner en handlanger van no.1 was. Ons maak geen positiewe bevinding

oor sy aandeel in die aanranding nie, maar ons vind dat hy nie net hom vereenselwig het met no.1 se opswepery nie, maar ons vind dat hy wel die woorde geuiter het dat die skare nie bang hoef te wees vir Samson, en dat hy hulle self aangespoor het om tot die moord oor te gaan". Hierdie bevindings berus klaarblyklik op die getuienis van David, William, Esta en TShinakau. Gesien die basiese ooreenstemming, ondanks onderlinge afwykings, tussen hierdie getuies kan, in die lig van al die omstandighede, ook hier nie bevind word dat die Verhoorhof fouteer het nie.

Dit is opvallend dat die Verhoorhof geen "positiewe bevinding" maak oor Beskuldigde 2 se aandeel in die daadwerklike aanranding op die oorledene nie. Onthou sal word dat volgens David, William en Esta hy inderdaad self ook die oorledene /

.......32.

aangerand het. Die betroubaarheid van dié getuies is dus, wat hierdie aspek betref, betwyfel. Maar klaarblyklik het die Hof nie gedink dat hierdie swakheid hul geloofwaardigheid en betroubaarheid in die algemeen verdag maak nie. Dit sou moeilik wees om [redacted] 'n ander konstruksie op die teenstrydighede in hul getuienis oor hierdie aspek te plaas as dié wat die Verhoorhof blykbaar gedoen het, nl. dat dit voortvloei uit blote foutiewe waarneming en identifikasie as gevolg van die plek waar elkeen van die getuies was toe die aanranding begin het, die versperring van die gesigsveld deur bewegende mense daarna, en die snelle opeenvolging van gebeure.

Wat Beskuldigde 3 betref, het David en William (soos reeds vermeld) getuig dat hy ook tot die opsweping van die skare bygedra het. Beskuldigde 3 het nie in die getuiebank gegaan om hierdie aantygings te weerlê nie en die Verhoorhof het David en William se getuienis aanvaar. ~~Geen van die~~ ander Staatsgetuies het die betrokke woorde aan Beskuldigde 3 toegeskryf nie; David en William stem ook nie heeltemal met mekaar ooreen nie, en David is ook nie ten

volle ....... /33

volle konsekwent onder kruisverhoor nie. Tog sou [redacted] hier ook beswaarlik bevind kan word dat die Verhoorhof fouteer het. Basies is William en David se getuienis van dieselfde strekking en in die omstandighede kan die feit dat ander getuies nie die betrokke woorde noem nie, nie as teenbewys geld nie, veral waar die Beskuldigde dit self nie weerlê het nie. Bowendien blyk dit uit sy eie verklaring aan Mahlape dat Beskuldigde 3 aan die vergadering gesê het "dat uitslag van toordokters is dat die oorledene Samson die towenaar is wat die weerlig veroorsaak het wat verantwoordelik is vir die dood van die Bantoevrou, die kaptein se suster ..............". 'n Positiewe aantyging van hierdie aard sou noodwendig in die omstandighede daartoe gestrek het om die omstanders aan te vuur. Die enigste redelike afleiding is dat Beskuldigde 3 dit besef het en juis daardie gevolg wou bewerkstellig, of altans roekeloos daarteenoor gestaan het, en desondanks tog die skare aldus toegespreek het. Ook hier kan ~~nie bevind word dat~~ die Verhoorhof fouteer het nie.

Die geval van Beskuldigde 9 kom nou aan die

beurt. ......... /34

beurt. Volgens Masindi (soos reeds genoem) het hy die oorledene met 'n stok geslaan toe lg. vir die laaste keer geval het. Haar relaas word ten dele gestaaf deur David wat sê dat Beskuldigde 9 by die tweede vergadering aanwesig was, en William wat selfs verder gaan en beweer dat Beskuldigde 9 'n stok in sy hand gehad het. - "Ek het hom gesien slaan". Dit moes gewees het terwyl die oorledene gehardloop het. Wat lg. stelling betref, het hy nie in sy polisieverklaring "No. 9 genoem as een wat met 'n stok geslaan is nie".

Die Beskuldigde se eie relaas is dat hy hoegenaamd nie op die tweede vergadering was nie. Volgens hom was hy by die eerste vergadering maar het nie vandaar saam met die andere na die Kaptein se stat gegaan nie. Die Verhoorhof het dit "geheel en al ongeloofwaardig" bevind dat die Beskuldigde, wat geldelik bygedra het tot die sending na die toordokter, so belangloos oor die uitslag van die sending en die verdere verloop van sake kon gewees het. Die Hof het die getuienis van Masindi, William en David aanvaar en die van die Beskuldigde verwerp. Verwysing na die notule toon

duidelik waarom die Verhoorhof die indruk van ongeloofwaardigheid kon verkry het. In sy hoofgetuienis het die Beskuldigde gesê dat hy by die eerste vergadering was, maar nie na die tweede vergadering gegaan het nie: "Ek kon nie gaan nie want ek het nie geweet waaroor die vergadering sou plaasvind nie". Hy het dus agtergebly en "ek en Julius is weg om te gaan bier drink". Onder kruisverhoor oor sy stelling dat hy nie geweet het waaroor die tweede vergadering sou plaasvind nie, is die Beskuldigde ontwykend en besonder onoortuigend. Hy gee te kenne dat hy nie eers geweet het dat die mense na die Kaptein sou gaan om 'n vergadering te hou nie. Toe hy by die eerste vergadering aankom was die mense reeds besig om uitmekaar te gaan en hy het slegs gehoor dat die oorledene o.a. sê dat hulle na die Kaptein moet gaan. Hy het besef dat dit oor die kwessie van die toordokter gaan, maar dat hy besef het dat die plan was om by die Kaptein 'n vergadering te hou, wou hy nie toegee nie. Volgens hom het hy toe ook nog nie geweet wat die sending na die toordokter uitgevoer het nie en hy het ook nie eers gevra nie.

Dit sou moeilik wees om nie die Verhoorhof

se ongeloof oor hierdie relaas te deel nie en dit te verwerp ten gunste van minstens Masindi se getuienis nie. Afgesien van haar deugde as getuie word sy gestaaf soos David en William. Dat lg. se getuienis op hierdie aspek vir kritiek vatbaar is, kom nie voor van wesenlike belang te wees nie. Dit is opmerklik dat ondanks die feit dat aan David in kruisverhoor gestel is dat "indien nodig 'n ander getuie" geroep sou word om te getuig dat Beskuldigde 9 nie by die tweede vergadering was nie, dit nie gedoen is nie. Beskuldigde 9 het erken dat David en William geen rede het om hom valslik te impliseer nie, maar hy het wel beweer dat Masindi sodanige motief gehad het. Dit sou voortvloei uit 'n bakleiery tussen hom en Masindi se broer ongeveer 4 jaar tevore, waar hy, skynbaar ongedeerd, die aftog geblaas het. Maar ook dit berus op sy ipse dixit en Masindi ontken dit.

In dié omstandighede kan nie tot die gevolgtrekking geraak word dat die Verhoorhof fouteer het met sy bevinding dat Beskuldigde 9 aan die aanranding op die oorledene deelgeneem het nie. Dat hy die opset gehad het om te dood volg in die omstandighede.

Wat .......... /37

Wat Beskuldigde 10 betref, is reeds genoem dat Masindi en William haar by die aanranding op die oorledene betrek. Dit is ook reeds vermeld dat sy ontken het dat sy by die vergadering was. Die Verhoorhof het haar geval soos volg benader:-

> "Betreffende beskuldige no. 10 (Khakhu Mpephu) moes die Hof hom afvra of haar getuienis redelik moontlik waar kon wees? In die eerste plek het die Hof aggeslaan op haar houding in die getuiebank waar sy met ꞌn bot konsekwentheid slegs alle kennis ontken het van al die gebeurtenisse in verband met Samson wat aanleiding gegee het tot die moord en waar sy verder die verhaal vertel het dat sy die dag rustig met haar werk aangegaan het. ꞌn Vrou met haar sterk-persoonlikheid, wat ꞌn posisie van hoogste aansien in die kaptein se huis van Mphephu beklee, sou onvermydelik belang gestel het en kennis gedra het van al die gebeurtenisse in verband met Samson se uitwysing as towenaar en sy sou baie sekerlik belang gestel het in die verrigtings van ꞌn groot vergadering by die stat. Sy het in haar getuienis - ek dink op ꞌn vraag van die Hof - gesê dat die vergadering het plaasgevind nadat die "Council" al uitmekaar was. Sy het dus ofskoon sy in haar huis was, kennis geneem van ꞌn baie kleiner raadsvergadering wat hulle in geslote ruimte gehou het. Die Hof is nie bereid om haar verhaal te aanvaar dat dit moontlik is dat sy by die huis gesit het nie, en die Hof vind geen rede om die getuienis van William en veral die getuienis van Masindi, dat no. 10 teenwoordig was by die aanranding, te verwerp nie. Ons vind dat sy wel teenwoordig was en ons vind dat sy wel met klippe gegooi het na die oorledene beide toe hy gehardloop het en nadat hy die tweede keer geval het."

By ........... /38

By oorweging van die vraag of die Verhoorhof hier fouteer het, moet as uitgangspunt geneem word dat Masindi en William (ondanks sy gebreke) die Verhoorhof as eerlike getuies beïndruk het, terwyl Beskuldigde 10 'n ongunstige indruk gemaak het. Dit is betoog dat die Hof hier Beskuldigde 10 se getuienis verwerp het op waarskynlikhede. Maar m.i. strek die Hof se redes verder as dit en is dit duidelik dat die Hof grootliks ook deur sy waarneming van die getuies beïnvloed is. Die hoofaanval op die Verhoorhof se bevinding word egter gekoppel aan die rol wat William se getuienis hier speel - veral gesien die feit dat hy nie in sy polisieverklaring genoem het dat Beskuldigde 10 'n klip gegooi het nie. Dit, so is die betoog, tas die hele grondslag van die Hof se bevinding aan.

Dit is egter duidelik dat dit veral Masindi se getuienis is wat die Hof beïnvloed het. In die omstandighede hier volg dit hoegenaamd nie dat die Hof sonder William se getuienis tot 'n ander gevolgtrekking sou gekom het nie. Soos reeds voorheen genoem, het die Hof klaarblyklik Masindi se getuienis in die algemeen aanvaar en het die Hof haar as 'n eerlike

getuie ..... /39

getuie beskou en die Beskuldigde het die Hof nie beïndruk nie. In elke opsig gee Masindi, selfs op die notule, die indruk van betroubaar te wees. T.o.v. Beskuldigde 10 kan daar nie sprake van 'n fout deur Masindi wees nie - daarvoor was haar geleentheid vir waarneming te gunstig en Beskuldigde 10 het sy te goed geken. Die bewering dat sy hatig op Beskuldigde 10 is, berus, soos reeds vroeër genoem, bloot op lg. se eie getuienis en dié is nie van die oortuigendste nie. Onder kruisverhoor is daar die volgende vrae en antwoorde:-

> "Jy het die getuienis van Masindi hier gehoor? --- Masindi het gesê jy het die oorledene gegooi op die kop. --- Ek het dit gehoor.
> Jy ontken dit geheel en al? --- Ek ontken dit want ek was nie daar nie, ek was in my huis, ek was besig om te stryk.
> Kan jy aan enige rede dink waarom Masindi soiets sou sê? --- Ek weet nie, sy praat sommer.
> Ken jy vir Masindi? --- Ek ken haar.
> Is julle vriende? --- Ja.
> En daar is geen rede waarom jou vriendin teen jou sou getuig nie? --- Ek weet van geen rede nie, sy sê sommer so."

By herverhoor vind ons die volgende:-

> "Wat is die gevoelens tussen julle? Masindi se ma en jouself? --- Daar het een tyd 'n rusie ontstaan toe sy nog by ons stat gewoon het.
> Dit is die moeder van die getuie? --- Ja.
> Is dit 'n rusie wat onlangs onstaan het, of is dit 'n ou rusie? --- Nee, dit is 'n ou rusie wat lankal al plaasgevind het."

Dit is moeilik om hierin 'n motief te vind vir Masindi om valslik teen die Beskuldigde te getuig.

Wat die onwaarskynlikheid van Beskuldigde 10 se relaas betref, moet daarby nog gevoeg word dat die Beskuldigde se huis maar slegs 60-70 treë vanaf die vergaderplek is en dat dit uit die getuienis heel duidelik is dat die skare baie geraas en geskreeu het na die aanval op die oorledene begin het. Dit is moeilik te aanvaar dat die Beskuldigde niks gehoor het nie omdat sy besig was met 'n primusstoof en eers iets agtergekom het op 'n stadium toe die vangwa reeds daar was. Dit is opmerklik dat sy aanvanklik gesê het dat sy nie na die vergadering gegaan het nie: "My rede was, want vrouens gaan nie na die vergadering toe nie". Daar kan nie twyfel wees dat sy dit gesê het met betrekking tot "hierdie vergadering daar onder die bome" nie, d.w.s. die tweede vergadering. Sy het nie onmiddellik gesê dat sy nie gegaan het omdat sy nie daarvan bewus was nie.

Gewag is in betoog daarvan gemaak dat die Hof meld dat Beskuldigde 10 "ofskoon sy in haar huis was, kennis geneem (het) van 'n baie kleiner raadsvergadering wat hulle in 'n

geslote ....... /41

geslote ruimte gehou het". Moontlik het die Hof alhier nie die getuie reg verstaan nie, dat sy bedoel het dat sy geweet het van die gewone raadsvergadering daardie dag omdat dit die bepaalde dag daarvoor was. Maar hoe dit ook al sy, dit kom nie voor van wesenlik belang tot die Verhoorhof se benadering te wees nie. In die algemeen het die Hof dit onwaarskynlik gevind dat sy, vrou van Makwarella se vader, in die algemeen so belangloos en onkundig was.

Dat daar onwaarskynlike aspekte van haar relaas is, is duidelik. Gesien die goeie hoedanighede van Masindi as getuie, wil dit voorkom dat die Verhoorhof geregtig was om die Beskuldigde se getuienis te verwerp, ondanks die aanvegbaarheid van William se getuienis.

Dat die Beskuldigde die klip op die oorledene se kop gegooi het met die opset om te dood is in al die omstandighede duidelik.

Wat Beskuldigde 11 betref, is William die enigste Staatsgetuie wat hom by die aanval op die oorledene betrek. Volgens hom het Beskuldigde 11 die oorledene op 'n

vroeë .......... /42

vroeë stadium van die aanval met 'n mes op die rug gesteek. Namens die Beskuldigde is beklemtoon dat in sy hoofgetuienis William gesê het: "Dit was terwyl die oorledene gehardloop het en die ander hom gevang en omgedraai het, toe het No. 11 hom gesteek van agter"; terwyl onder kruisverhoor hy beweer het: "Ek het gesê dit was in die bakleiery terwyl hy wou weghardloop". Op ontleding skyn hier egter nie so 'n ernstige weerspreking te wees nie. Uit William se getuienis blyk dat kort na die eerste aanval op die oorledene 'n gestoei ontstaan het en daarop: "dan vang iemand hom dan ruk hy los". Herhaling hiervan het plaasgevind terwyl die oorledene gehardloop het; hy is gevang en omgedraai en toe het Beskuldigde 11 hom gesteek. Maar dit moes, volgens William se relaas, nog baie naby aan die oorspronklike plek van aanval gewees het - hy onderskei baie duidelik die latere gebeure "voor", nadat die oorledene skynbaar vereers van sy aanvallers los gekom het, toe hy (William) nie kon sien wat gebeur nie vanweë al die mense tussen hom en die oorledene.

Kritiek op William se getuienis in die algemeen

is ........... /43

is reeds elders genoem. Maar dit volg nie sonder meer dat hy in verband met Beskuldigde 11 ook onbetroubaar is nie. Steun vir die feit dat die Beskuldigde in die aanranding op die oorledene betrokke was, kan in Beskuldigde 1 se getuienis gevind word. Weliswaar is sy getuienis in die algemeen verwerp, maar dit volg nie dat alles onwaar is nie. Hier gaan dit om iets wat nie homself raak nie en daar blyk geen rede vir hom te wees om Beskuldigde 11 valslik by die aanranding te betrek nie. Trouens, hy het die reëlings getref om Beskuldigde 11 na die hospitaal te laat neem.

Dat Beskuldigde 11 nie in die getuiebank gegaan het om hierdie direkte getuienis teen hom te weerlê nie, moet noodwendig in die omstandigheid swaar teen hom weeg. Die verklaring wat hy aan sersant Nortjé afgelê (vroeër aangehaal) verbeter ook nie sy posisie nie. Dit sou moeilik wees om van die Verhoorhof se indruk daarvan, nl. dat dit klaarblyklik vals is, te verskil. Beskuldigde 11 kon die steekwond slegs opgedoen het in die loop van die voortgesette aanval op die oorledene en die plek waar die

lyk gevind is, is 62 treë vanaf die bushalte. Dit is dus moeilik denkbaar dat hy onder die invloed van drank toevallig daar sou beland het om aldaar gesteek te word - daar was tog geen algemene bakleiery nie, hoogstens het 'n "bakleiery" tussen die oorledene en sy aanranders, wat aldaar skielik geëindig het. Dat Beskuldigde 11 meer kon vertel het as wat in sy verklaring gestaan het, as hy wou, blyk duidelik uit wat in kruisverhoor aan William gestel is: "Beskuldigde No. 11 sê toe hy onder die mense gekom het, was dit op daardie stadium toe hulle reeds besig was om die oorledene te jaag".

Ook hier sou dit moeilik wees om tot die gevolgtrekking te kom dat die Verhoorhof fouteer het toe dit William se getuienis aanvaar het. In die omstandighede kan daar weinig twyfel bestaan dat toe hy die oorledene gesteek het, Beskuldigde 11 die opset gehad het om die oorledene te dood.

Op grond van die voorgaande kan die appèlle teen die skuldigbevindings nie slaag nie. Wat Beskuldigde 11

betref, ......... /45

betref, volg dit dat sy aansoek om verlof om ook teen sy skuldigbevinding te appelleer, geweier moet word op grond daarvan dat hy geen redelike vooruitsigte het op appèl nie.

Die appèlle teen die strawwe moet nog oorweeg word. Dit blyk nie dat die Verhoorhof enige beginselfout in hierdie verband begaan het nie. Die Hof was ten volle daarvan bewus dat as 'n misdaad begaan word uit die bygelowige vrees wat voortvloei uit 'n geloof in toordery, hierdie vrees ter strafversagting in aanmerking kan kom. Die Hof het dit oorweeg, en teen ander faktore opgeweeg. Aldus het die Hof [redacted] sy diskresie uitgeoefen. Sommige van die strawwe kan as swaar aangemerk word, maar in die bepaalde omstandighede sou hulle nie as buitensporig bestempel kan word nie. Ook hier moet die appèlle van die hand gewys word.

Om dus op te som: die aansoek van Joseph Dittio om verlof om teen sy skuldigbevinding te appelleer, word geweier en sy appèl teen die straf hom opgelê, word afgewys; die appèlle van die orige appellante teen beide skuldigbevinding en vonnis word ook afgewys.

E.L. JANSEN
APPÈLREGTER

De Villiers, Wnd. A.R. ) Stem saam
Muller. Wnd. A.R. )